

## Afrikaans Huistaal

### Graad 10

#### Werkkaart - Taalstrukture en –konvensies: Woordsoorte

#### MEMORANDUM

**OPDRAG: Lees die onderstaande leesstuk deur en beantwoord die vrae wat volg:**

1. In die teks is voorsetsels uitgelaat. Skryf die nommers neer en verskaf die voorsetsel wat by elke nommer ontbreek. (5)
  - 1.1 **Tussen** ✓
  - 1.2 **Uit** ✓
  - 1.3 **Per** ✓
  - 1.4 **Teen** ✓
  - 1.5 **Uit** ✓
  
2. Skryf 'n versamelnaam uit die opskrif neer. (1)  
**Gesin** ✓
  
3. Vervang **jou en jou gesin** met 'n enkele gepaste persoonlike voornaamwoord. (1)  
**Julle** ✓
  
4. Woorde kan verskillende woordsoortelike funksies vervul. Voer die volgende opdragte uit om hierdie stelling korrek te bewys:
  - 4.1 **Koppie** word hier gebruik as 'n soortnaam. Maak 'n sin waarin **koppie** gebruik word om maat/hoeveelheid aan te dui. (1)  
**Die resep vra 'n koppie suiker.** ✓
  
  - 4.2 **Span** word in die inleidingsin gebruik as 'n werkwoord. Gebruik dit as 'n versamelnaam in 'n sin. (1)  
**Ons rugbyspan is die beste/'n span osse** ✓
  
5. Benoem die woordsoortelike funksie van die volgende woorde uit die teks (dis in die teks onderstreep om jou te help). (5)
  - 5.1 skemerkelkie – **soortnaam** ✓
  - 5.2 onlangs – **bywoord van tyd** ✓
  - 5.3 vloei – **hoofwerkwoord** ✓
  - 5.4 jou - **Besitlike voornaamwoord** ✓
  - 5.5 gratis – **bywoord van wyse/manier** ✓
  
6. Kies die korrekte antwoord tussen hakies:
  - 6.1 **Twee is 'n voorbeeld van 'n bepaalde hooftelwoord.** ✓ (1)
  - 6.2 **Saterdagoggend word hier gebruik as 'n bywoord van tyd.** ✓ (1)
  
7. Soek in die teks 'n woord wat by die volgende beskrywing pas:
  - 7.1 'n Hulpwerkwoord wat ook as 'n soortnaam gebruik kan word. (1)  
**Kan** ✓

- 7.2 'n Eienaam wat verwys na 'n geografiese streek se naam. (1)  
**Wes-Kaap ✓**
- 7.3 'n Voorsetsel wat ook as 'n selfstandige naamwoord gebruik kan word. (1)  
**Voor ✓**
- 7.4 'n Deeltjie werkwoord wat skeibaar gebruik word. (1)  
**Uitgelê/saamneem/inpak/uitvind ✓**
- 7.5 'n Infinitiewe vorm. (1)  
**(om te) hou/speel ✓**
8. In die volgende sin word die byvoeglike naamwoord predikatief gebruik. Verander die sin sodat die byvoeglike naamwoord prediaktief gebruik word. (1)  
Die oord het welige grasperke.  
**Die grasperke van die oord is welig/die oorde se grasperke is welig ✓**
9. Die woord **gaste** is een meervoudsvorm van die selfstandige naamwoord **gas**. Maak 'n verhelderende sin met die ander meervoudsvorm van gas. (1)  
**Sommige fabriek se baie gasse uit. ✓**
10. Verbind die eerste twee sinne by sin 5 deur 'n betreklike voornaamwoord te gebruik. (1)  
**Pak jou verkyker in vir die sirkel-staproete wat jou omtrent 'n uur gaan neem. ✓**
11. Benoem die onderstreepte werkwoord in die volgende sinne:
- 11.1 Die oord het hope aktiwiteite (1)  
**Hoofwerkwoord ✓**
- 11.2 Hier is twee swembaddens naby ontvangs. (1)  
**Koppelwerkwoord. ✓**
- 11.3 Visvang word by die dam naby die kampeerterrien toegelaat. (1)  
**Hulpwerkwoord van vorm ✓**
12. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd: Volwassenes kan nie ry nie. (1)  
**Volwassenes KON nie ry nie. ✓**
13. Word **bring** in die opskrif oorganklik of onoorganklik gebruik? Motiveer jou antwoord. (2)  
**Oorganklik ✓ 'n voorwerp (die gesin) kom voor ✓ [30]**
- .....